Vals Kodlingmot op Tafeldruiwe

Vals kodlingmot (VKM) (*Thaumatotibia leucotreta*) kom inheems voor in die sub-Sahara streek van Afrika en word as ‘n kwarantyn- of fitosanitêre pes geklassifiseer deur heelwat van Suid-Afrika se sagtevrugte uitvoermarkte. VKM kan in ‘n reeks gasheerplante en verboude vrugte voortplant en is ‘n fitosanitêre pes van belang vir sitrus, steenvrugte en tafeldruiwe. Hoewel VKM selde tafeldruiwe infesteer, kan infestasie lei tot grootskaalse afkeurings van uitvoerbesendings. Omdat VKM beskou word as ‘n sporadiese pes op tafeldruiwe is die beheer daarvan nie ‘n standaard praktyk nie. Effektiewe monitering van populasievlakke is egter noodsaaklik om bewus te wees van infestasie en om te voorkom dat geaffekteerde vrugte verpak word vir die uitvoermark. Wingerdsanitasie is ook ‘n belangrike kulturele voorsorgmaatreël wat geïmplementeer moet word.

Biologie

VKM is ‘n onopvallende mot wat snags aktief is. Volwasse motte het ‘n gevlekte bruin-grys kleur met ‘n pluim liggekleurde skubbe op die dorsale gedeelte van die liggaam (Figuur 1). Wyfies lê hul eiers, wat 1 mm in deursneë is, direk op of naby die vrug. Larwes wat pas uitgebroei het beweeg rond op die vrugoppervlak op soek na ‘n geskikte plek om die vrug binne te dring. Pas uitgebroeide en jong larwes is romerig-wit met ‘n donkerbruin tot swart kop (Figuur 2). Soos wat hulle ouer word, word hulle donkerder na naaswit (Figuur 3) en uiteindelik na ‘n pienk liggaamskleur (Figuur 4). Die larwe ontwikkel tot volwassenheid binne-in die vrug. Volwasse larwes verlaat die vrug en verander in papies net onder die grondoppervlakte. Papies is donkerbruin en word omtrent 5 mm lank (Figuur 5). Hulle word omring deur ‘n kokon wat ook gronddeeltjies en stukkies blaarmateriaal insluit wanneer dit gespin word (Figuur 6).

Skade

Vars gaatjies waar larwes die vrug binnedring is slegs sigbaar wanneer die vrug noukeurig ondersoek word (Figuur 7a). Soms word ‘n paar korrels ekskreta by die vars gaatjies waargeneem (Figuur 7b) of ‘n massa ekskreta steek by ouer gaatjies uit waar die larwe reeds in die vrug is en deurgaans aan die vrug voed (Figuur 8). Soms is ekskreta afwesig op die vrug se oppervlak. Die area rondom die gaatjie kan ‘n insinking toon en verbruin namate die beskadigde weefsel verrot (Figuur 9).

Monitering

- Wingerde waar infestasie reeds voorgekom het of dié wat naby sitrus of steenvrugte is waar VKM voorkom, moet gemoniteer word.
- VKM feromoonlokvalletjies (wat volgens die etiketspesifikasies onderhou word) moet geplaas word teen ‘n frekwensie van 1 lokval per 4 ha area, en die lokvalle moenie nader as 150 – 200 m van mekaar af wees nie.
- Gaan die lokvalle weekliks na en teken alle VKM vangste aan.
- Weeklikse lokvalinspeksies moet vanaf mid-Desember gedoen word in wingerde wat langs ‘n dorp, sitrus- of steenvrugboord geplant is en waar VKM infestasie vermoed word. In hierdie hoë-risiko areas kan inspeksies beperk word tot die eerste 4 rye langs die dorp, sitrus- of steenvrugboord.
- Tydens die standaard twee-weeklikse wingerdinspeksies moet druiwe gemonitor word vir die teenwoordigheid van VKM en die voorkoms daarvan moet aangeteken word.

Kulturele beheer

Wingerdsanitasie is van die uiterste belang en dra by tot die onderdrukking van VKM populasies en ander peste soos vrugtevlieg.

Alle druiwekorrels wat afval of geïnfesteer is, moet verwyder word en onskadelik gestel word deur dit te begrawe onder ten minste 500 cm grond of dit te verpulp met ‘n hamermeul. Verpulping moet ten minste 30 m vanaf die naaste wingerd plaasvind en druiwe moet uitgesprei word sodat dit so gou as moontlik in die son kan uitdroog. Na die oes moet alle druiwe uit die wingerd verwyde word daar moet van hierdie druiwe ontslae geraak word.

Chemiese beheer

Daar is chemiese middels beskikbaar vir die beheer van VKM. Vir verdere inligting oor die produkte, kontak u chemiese verteenwoordiger.

Saamgestel deur Dr Shelley Johnson, Universiteit Stellenbosch

Figuur 1: Volwasse vals kodlingmot

Figuur2: Jong (romerige-wit) VKM larwe wat net onder die druiweskil naby die penetrasiegaatjie ontbloot is.

Figuur 3: Ouer (naaswit) VKM larwe binne-in die druiwekorrel.

Figuur 4: Volwasse (pienk) VKM larwe omring deur donkerbruin, korrelrige ekskreta wat geproduseer word tydens voeding binne-in die druiwekorrel.

Figuur 5: VKM papies

Figuur 6.Kokonne wat gronddeeltjies bevat. Wanneer die volwasse mot uit die kokon verskyn, word ‘n leë papiedop agtergelaat wat by die kokon uitsteek.

Figuur 7a: ‘n Vars penetrasiegaatjie in ‘n druiwekorrel.
Figuur 7b: Korrelrige ekskreta by ‘n vars penetrasiegaatjie.

Figuur 8: ‘n Larwe se penetrasiegaatjie naby die stingel, waar korrelrige ekskreta uitsteek namate die larwe binne-in die korrel voed.

Figuur 9. Vrugskade rondom die penetrasiegaatjie in ‘n druiwekorrel waar die VKM larwe die korrel binnegedring het.